# DIE BLOED VAN JESUS

# JOH 4:23-24

Daar kom egter ’n tyd, en dit het reeds aangebreek, wanneer die egte aanbidders die Vader vanuit ’n hegte verhouding met die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader verkies dat die mense Hom só aanbid. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom vanuit ’n hegte verhouding met die Gees en in waarheid aanbid.

# JOH 6:54-57

Wie my liggaam eet en my bloed drink, besit die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag opwek. My liggaam is egte voedsel en my bloed is egte drank. Wie my liggaam eet en my bloed drink, beleef 'n innige verhouding met My en Ek met hom. "Soos die lewende Vader My gestuur het en Ek deur die Vader lewe, só sal hy wat My eet, ook as gevolg van My lewe.

# JESUS DEMONSTREER LEWE

- JESUS KOPPEL DIE GEESTELIKE WÊRELD EN DIE FISIESE AAN MEKAAR
- GENESINGS
- VERMEERDER KOS
- LOOP OP WATER
- MAAK STORM STIL
- DEMONSTREER VERHOUDING

# DIE BLOED VAN JESUS

- Deur sy geliefde Seun is ons verlos deurdat Hy sy bloed vir ons gestort het. Ons oortredings is vergewe omdat God die rykdom van sy genade in oorvloed aan ons gegee het. (Ef 1:7)
- God het dit goedgedink om met sy volle Goddelikheid in die Seun te woon, en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy vrede gemaak. Ja, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen. (Kol 1:19-20)

# EFFEK VAN DIE BLOED VAN JESUS

Hierdie brief kom van Johannes en is gerig aan die sewe gemeentes wat in die provinsie Asië geleë is. Genade en vrede aan julle, van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is; en van Jesus Christus, die betroubare getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het en wat heers oor die konings van die aarde. Aan Hom wat ons liefhet en ons deur sy bloed van ons sondes verlos het, en ons laat deel in sy koninklike regering, aan Hom wat ons priesters vir God, sy Vader, gemaak het, aan Hom behoort die heerlikheid en die krag vir ewig en altyd. Amen. (Open 1:4-6)

# WEDERGEBORE

As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit ‘n rein hart; want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. (1 Pet 1:22-23)

# DIE IMPAK VAN INVLOED

- VERHOUDINGS
- KENNIS - WOORD
- AKSIES